
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

*JHISTA3*

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: HOE HET DIE VSA PROBEER OM DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA IN DIE 1940's TE STUIT?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op die *Long Telegram* deur George Kennan in 1946 geskryf wat die basis vir die VSA se inperkingsbeleid gevorm het.

Die *Long Telegram* was ŉ deurslaggewende (belangrike) kommunikasie wat deur die Amerikaanse diplomat, George F. Kennan, in 1946 gestuur is, waarin sy sienings oor die Sowjetunie se bedoeling en gedrag uiteengesit is. Hierdie boodskap van 8 000 woorde het die behoefte aan ŉ beleid van inperking verwoord om die waargenome bedreiging wat deur Sowjet-ekspansionisme ingehou word, teë te werk. Dit het ŉ grondliggende dokument vir die Amerikaanse buitelandse beleid tydens die vroeë koue oorlog geword, wat beïnvloed het hoe Amerika op Sowjet-aksies gereageer het.

Kennan het beklemtoon dat die Sowjet-regime inherent ekspansionisties was en sou poog om sy invloed waar moontlik, uit te brei, wat lei tot die behoefte aan ŉ proaktiewe Amerikaanse reaksie. Die telegram het aangevoer dat die VSA ŉ strategie van inperking moet aanvaar eerder as direkte konfrontasie (versoening) teenoor die Sowjetunie. Keenan se insigte het tot die formulering van die Truman-leerstelling bygedra, wat ondersteuning beloof het aan lande wat kommunistiese invloed weerstaan. Die Long Telegram het die verhoog gestel vir Amerikaanse strategieë in Europa en Asië, en het beïnvloed hoe die VSA betrokke geraak het by konflikte soos dié in Korea en Viëtnam.

Die *Long Telegram* het die grondslag vir Amerika se proaktiewe standpunt teen kommunisme gelê, wat sy betrokkenheid by talle internasionale konflikte gedurende die koue oorlog-era beïnvloed het. Dit het militêre ingrypings en ondersteuning vir anti-kommunistiese regimes wêreldwyd geregverdig, duidelik in gebeure soos die Koreaanse-oorlog en Viëtnam-oorlog. Deur hierdie konflikte as gevegte op te stel teen ŉ monolitiese kommunistiese bedreiging, kon Amerikaanse beleidsmakers binnelandse steun werf vir uitgebreide militêre en ekonomiese verbintenisse wêreldwyd, wat uiteindelik baie internasionale betrekkinge in daardie era gedefinieer het.

[Uit *https://library.fiveable.me/key-terms/ap-euro/long-telegram* toegang op 7 Januarie 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## BRON 1B

Die bron hieronder is deel van 'n toespraak wat deur die Amerikaanse President Harry Truman gemaak is voor 'n gesamentlike sitting van Kongres op 12 Maart 1947. Die toespraak sit uiteen wat later as die Truman-leerstelling bekend gestaan het.

Dit is nodig om net na 'n kaart te kyk om te besef dat die voortbestaan en integriteit van die Griekse nasie van groot belang is in 'n veel wyer situasie. As Griekeland onder die beheer van 'n gewapende minderheid sou val, sou die uitwerking op sy buurland, Turkye, onmiddellik en ernstig wees. Verwarring en wanorde kan heel moontlik oor die hele Midde-Ooste versprei.

Boonop, sal die verdwyning van Griekeland as 'n onafhanklike staat 'n diepgaande uitwerking hê op daardie lande in Europa wie se mense met groot moeite gesukkel het om hul vryhede en hul onafhanklikheid te handhaaf terwyl hulle die skade van oorlog herstel.

… Sou ons nie daarin slaag om Griekeland en Turkye in hierdie noodlottige uur te help nie, sal die effek verreikend na die Weste sowel as na die Ooste wees. Ons moet onmiddellike en vasberade stappe neem.

… Benewens fondse, vra ek die Kongres om die detail van Amerikaanse burgerlike en militêre personeel na Griekeland en Turkye te magtig, op versoek van daardie lande, om te help met die take van heropbou, en met die doel om toesig te hou oor die gebruik van sodanige finansiële en materiale bystand as wat verskaf kan word. Ek beveel aan dat magtiging ook verskaf word vir die onderrig en opleiding van geselekteerde Griekse en Turkse personeel.
Ten slotte, vra ek dat die Kongres om magtiging te verskaf wat die vinnigste en doeltreffendste gebruik sal toelaat, in terme van benodigde kommoditeite, voorrade en toerusting, van sodanige fondse as wat gemagtig mag word.

... Die saad van totalitêre regimes word gevoed (ontwikkel) deur ellende en gebrek. Hulle versprei en groei in die bose grond van armoede en twis. Hulle bereik hul volle groei wanneer die hoop van die volk vir 'n beter lewe gesterf het. Ons moet daardie hoop lewend hou.

[Uit Plain Speaking: An Oral biography of Harry S. Truman. Merle Miller, 1974.]


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## BRON 1C

Die bron hieronder fokus op die Marshall-plan wat geïmplementeer is om die Europese ekonomieë vanaf 1948 te herbou.

Die Marshall-plan het dollars aan Europese lande wat kontantloos was gegee, wat hulle in staat gestel het om hul eie industriële kapasiteit te herbou. Die Marshall-plan het ook die kwessie van politieke sekuriteit aangespreek.

In Frankryk en Italië, het gestopte landbouproduksie en tekorte aan belangrike goedere momentum aan kommunistiese organiseerders gegee, wat die onrus aangegryp het en stakings en betogings teen die Franse en Italiaanse regerings georganiseer het. Hierdie tendens het die Verenigde State grootliks ontstel. Die CIA het ŉ verslag uitgereik wat sê dat groter gevaar vir die VSA in die moontlikheid van Wes-Europese ekonomiese ineenstorting en ŉ kommunistiese uitbreiding lê. Die Marshall-plan het die Verenigde State ŉ roete na stabiliteit gebied. Die hulp was aan alle Europese lande beskikbaar. Maar dit was nie net bedoel om interne konflikte binne lande te ontlont nie – dit was ŉ strategiese poging om aggressie van die kommunistiese Sowjetunie af te weer.

Die Sowjetunie het die Amerikaanse hulp verwerp en Oos-Europese lande onder sy invloed gedwing om die aanbod ook te verwerp. Maar lande in Wes-Europa het dit entoesiasties ontvang, en die plan se gewildheid het politieke menings na die middel geswaai, knus langs die Amerikaanse regering, en buite bereik van die Sowjets. Om hierdie rede word die implementering van die Marshall-plan as ŉ bepalende oomblik van die vroeë Koue Oorlog gesien. Sakke koring uit die Amerikaanse Midde-Weste het honger Duitsers gevoed, geld wat in infrastruktuur belê is, het groot hidro-elektriese damme regoor Oostenryk gebou, en fondse het gehelp om Italië se Fiat-motoraanleg te herbou, al die tyd was die VSA se grootste vrees, kommunisme, uit Wes-Europa gesluit.

[Uit *https://www.marshallfoundation.org/the-marshall-plan/history/:* toegang op 6 Januarie 2025 verkry.]


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1D**

Die bron hieronder is die Truman-leerstelling spotprent deur Granger, wat wys hoe die VSA sy nuwe buitelandse beleid geimplementeer het.




[Uit *https://www.granger.com/results.asp?image=0034161* toegang op 6 Januarie 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA IN 1975 BYGEDRA?

### BRON 2A

Die volgende uittreksel verduidelik die omstandighede waaronder die Alvor Ooreenkoms deur die drie Angolese bevrydingsbewegings op 15 Januarie 1975 onderteken is.

Onder druk van die OAE is die drie nasionalistiese leiers, Holden Roberto (FNLA), Agostinho Neto (MPLA) en Jonas Savimbi (UNITA), in Januarie 1975 in Kenia bymekaargebring, waar hulle ingestem het tot wedersydse erkenning en om onderhandelinge te open oor die oorgang (verandering) van Portugese heerskappy na onafhanklikheid. Op 10 Januarie 1975 het die onderhandelinge na die Algarve in Portugal verskuif, en dit is op 15 Januarie 1975 afgehandel met ŉ skikking, bekend as die Alvor Ooreenkoms.

Volgens die Alvor Ooreenkoms sou Angola geadministreer word deur ŉ koalisieregering bestaande uit die drie nasionalistiese groepe en die Portugese tot en met Onafhanklikheidsdag wat vir 11 November 1975 vasgestel is. Verkiesings vir ŉ grondwetgewende vergadering sou in Oktober gehou word. Gedurende die oorgangstydperk (omskakeling) sou Portugal ŉ leër van 24 000 manne in Angola behou. Intussen sou die drie nasionalistiese bewegings elk 8 000 manne tot die stigting van ŉ nasionale leër bydra.

Die nasionaliste het ook ingestem om hul militêre posisies vanaf Januarie 1975 te vries. Ten tyde van die Alvor Ooreenkoms het die FNLA ŉ duidelike militêre voordeel gehad. Dit het ŉ gewapende mag, geskat op 15 000 troepe besit, wat relatief goed toegerus was, en dit was verder ondersteun deur Daniel Chipenda se guerilla-leër, ŉ paar duisend sterk, wat van die MPLA oorgeloop het. Die MPLA, ter vergelyking, het sowat 3 000 opgeleide guerilla's onder sy bevel gehad, hoewel dit vinning besig was om sy magte deur werwing uit te brei, hoofsaaklik in die Luanda-gebied. UNITA het ook sterk onder die Ovimbundu gewerf.

Op 31 Januarie 1975 het die nuwe oorgangsregering (tussenin) die amp in ŉ klimaat wat wydverspreid is met agterdog en wantroue aangeneem.

[Uit The First Dance of Freedom deur Martin Meredith.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2B**

Hierdie is ŉ uittreksel uit ŉ boek, *Africa since 1940,* geskryf deur Frederick Cooper, wat die internasionale steun verduidelik wat die drie nasionalistiese bewegings in Angola tydens die burgeroorlog ontvang het. Dit het ŉ einde aan die oorgangsregering wat deur die Alvor Ooreenkoms ingestel is, gebring en wat op 15 Januarie 1975 onderteken is.

Die anti-koloniale oorlog het dadelik ŉ burgeroorlog geword. Die FNLA is deur Zaïre en die CIA (die VSA se Sentrale Intelligensie Agentskap) (Central Intelligence Agency) ondersteun, wat dit as die minste Marxistiese van die drie beskou het, maar nooit uit sy etniese grense gekom het nie en gou vervaag het.

UNITA het steun van Zambië en toe van Suid-Afrika gehad … [toe] het Savimbi sy ideologiese houding van Maoïsme (die beleid van kommunistiese Sjina) na Reaganisme (die beleid van kapitalitiese VSA) met skaars ŉ oogwink omgekeer (verander) en die Verenigde State het sy steun bygevoeg … Benewens die insameling van steun van Suid-Afrika en die Verenigde State, het UNITA diamantsmokkelary
na Zaïre georganiseer, en vir Savimbi se trawante (lojaliste) gewere en buit in ruil daarvoor gekry … UNITA het belonings aan jong mans verskaf wat sou smokkel en baklei, en dit het die enigste manier verskaf om ŉ bestaan te verdien in ŉ gebied wat andersins deur terreur en teenterreur verwoes is.

Die MPLA het die eerste rondte van die burgeroorlog gewen deur Luanda te behou en uitwaarts te druk, bygestaan deur Kubaanse troepe en indirekte Sowjet-ondersteuning. Dit het ook inkomste van Franse en Amerikaanse oliemaatskappye geniet, wat bereid was om die staat ongeag sy retoriek (ideologie) te betaal. Daardie retoriek was Marxisties-Leninisme.

[Uit *Africa since 1940* deur Frederick Cooper.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2C**

Hierdie is 'n foto van die Angolese bevelvoerder en Kubaanse generaal-majoor van die Oosfront, Dangereaux Kimenga en Carlos Fernández Gondín, in 1975. Kuba het die MPLA tydens die Angolese Burgeroorlog gehelp.



[Uit https://globaldialogue.isa-sociology.org/articles/pioneering-south-south-cooperation-of-angola-and-cuba-1975-1991 toegang op 7 Januarie 2025 verkry.]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2D**

Die volgende brief is deur Jonas Savimbi, leier van UNITA, aan President Kenneth Kaunda van Zambië gestuur na die MPLA-aanval op Huambo (UNITA se basis op Suidwes Angola) in 1976.

UNITA het 600 manne in die stryd vir Huambo verloor. Die oorlogmasjien wat Kuba en die Sowjetunie in Angola saamgestel het, gaan die verbeelding te bowe. Om die totale vernietiging van ons magte te voorkom, het ons besluit om onmiddellik terug te keer na guerilla-oorlogvoering. Die vriende (die CIA en Verenigde State) wat belowe het om ons te help, het nie hul beloftes nagekom nie en ons moet ons eie lot met moed en vasberadenheid in die gesig staar.

Ek het ŉ versoek aan U Edele: … Ek stuur hiermee my ma wat een-en-sewentig jaar oud is sodat sy in Zambië sal kan sterf. My suster en drie kinders en my twee kinders is by my ma. Saam met hulle is die vrou van die Sekretaris-Generaal met twee kinders en die vrou van ons bevelvoerende Generaal met vier kinders.

Die Politieke Buro van die Sentrale Komitee van UNITA sluit by my aan om u nogmaals vir alles te bedank. Watter standpunt jou regering ookal teen Angola inneem, sal ons met gelatenheid (aanvaarding) aanvaar. Dit is uiters belangrik dat Zambië oorleef en die liefde en bewondering wat ons met my kollegas gedeel het vir julle leierskap en wysheid sal voldoende wees om ons in die donker dae van ons land te troos.

... Ek het nog altyd na die beste van my vermoë en moed probeer om die belange van Angola en Afrika te dien. Ek is nie ŉ verraaier van Afrika nie en die moeilike dae wat vir ons voorlê, sal aan die wêreld bewys dat ek vir my beginsels staan. In Angola het mag reg gemaak, maar ek sal in die bos bly om vir geregtigheid te huil.

God seën jou geliefde land,
God seën jou.
Savimbi Jonas.

[Uit *In Search of Enemies – A CIA Story* deur John Stockwell.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN *CENTRAL HIGH SCHOOL* IN 1957 ERVAAR?

### BRON 3A

Hierdie bron fokus op Daisy Bates se verduideliking van hoe goewerneur Faubus probeer het om die integrasie van *Central High School* in September 1957 te keer. Daisy Bates was die president van die Nasionale Vereniging vir die Bevordering van Mense van Kleur (National Association for the Advancement of Coloured People) (NAACP) en ŉ mentor van die Little Rock Nege.

Faubus se beweerde rede vir die uitroep van die troepe was dat hy inligting ontvang het dat karavane (vloot) van motors gevul met wit oppergesagtes (rassiste) op pad was na Little Rock van regoor die staat. Hy het dus *Central High School* buite perke (geslote) vir Negers* (Afro-Amerikaners) verklaar. Vir een of ander onverklaarbare (onverwagte) rede het hy ook verklaar dat Horace Mann, ŉ Neger* hoërskool, buite perke vir blankes sou wees.

Toe, van die voorsitter van die hoogste kantoor van die staat Arkansas, het Goewerneur Orval Eugene Faubus, die berugte woorde gelewer, bloed sal in die strate loop as Neger*-leerlinge by *Central High School* geïntegreer word.

In ŉ halfdosyn swak gekieste woorde, het Faubus sy bydrae tot die massahisterie (paniek) gelewer wat die stad, Little Rock, vir etlike maande sou beetpak.

Die burgers van Little Rock het op 3 September vergader om te kyk na die ongelooflike skouspel (toneel) van ŉ leë skoolgebou omring deur 250 Nasionale Wag-troepe. Omstreeks agt vyftien (08:15) in die oggend, het *Central High School* se leerlinge begin om deur die lyn van Nasionale Wagte te gaan, almal behalwe die Little Rock Nege.

Ek was deur die dag in kontak met hul ouers. Hulle was verward en hulle was bang. Terwyl die ouers hul vrese uitgespreek het, het hulle aangehou om Goewerneur Faubus se woorde te herhaal dat bloed in die strate van Little Rock sou loop sou hul tienerkinders probeer om *Central High* by te woon, die skool waaraan hulle deur die skoolraad toegewys is.

[Uit *http//www.centralhigh57.org/the tiger.htm* Toegang op 7 Januarie 2025 verkry.]

NEGER* verwys na ŉ afbrekende naam wat gedurende die 1960's vir Afro-Amerikaners in die VSA gebruik is.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3B**

Hierdie bron fokus op die Little Rock Nege se eerste dag by die skool en die reaksie van die Amerikaanse gemeenskap.

Die Little Rock Nege het op 4 September 1957 vir die eerste skooldag by *Central High* aangekom.
Agt het saam aangekom, bestuur deur Daisy Bates. Eckford se familie het egter nie ŉ telefoon gehad nie, en Bates kon haar nie bereik om haar van die saamryplanne te laat weet nie.
Daarom het Eckford alleen opgedaag. Die Arkansas Nasionale Wag het uiteindelik verhoed dat enige van die Little Rock Nege *Central High* binnegaan. Een van die mees blywende beelde van hierdie dag is ŉ foto van Eckford, notaboek in die hand, wat stoïsties (dapper) die skool nader soos ŉ skare vyandige en skreeuende wit studente en volwassenes haar omring. Eckford het later onthou dat een van die vrouens op haar gespoeg het. Die beeld is gedruk en later wyd uitgesaai, wat die Little Rock-twispunt tot nasionale en internasionale aandag gebring het.

In die daaropvolgende weke het Regter Davies (regter van die Federale Hof) regsdinge teen Goewerneur Faubus begin, en President Dwight D. Eisenhower het probeer om Faubus te oorreed om die Nasionale Wag te verwyder en die Little Rock Nege toe te laat om die skool binne te gaan. Davies het beveel dat die Wag op 20 September verwyder word, en die Little Rock-Polisiedepartement het oorgeneem om orde te handhaaf. Die polisie het die nege Afro-Amerikaanse studente op 23 September die skool inbegelei, deur ŉ woedende skare van ongeveer 1 000 wit betogers wat buite vergader het.

Ten midde van die daaropvolgende oproer het die polisie die nege studente verwyder. Op 24 September het President Eisenhower 1 200 lede van die Amerikaanse weermag se 101ste Lugtransport-divisie uit Fort Campbell, Kentucky ingestuur en hulle in beheer geplaas van die 10 000 Nasionale Wagte aan diens. Die Little Rock Nege het op 25 September, begelei deur die troepe, hul eerste volle dag van klasse bygewoon.

[Uit https://*dunnhistory.com › national-black-history* › the-de.. toegang op 7 Januarie 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3C**

Die bron hieronder is die foto van Elizabeth Eckford wat deur die wit segregasielede (rassiste) op haar eerste dag by *Central High* School in Little Rock op 4 September 1957 uitgetart word.



[Uit *https://iforcolor.org/the-little-rock-nine/ toegang op 7 Januarie* 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3D**

Hierdie bron fokus op Elizabeth Eckford se ervaring op 4 September 1975, haar eerste dag by *Central High School*.

Die eerste toneel wat Eckford gesien het toe sy ŉ blok van die *Central High School* uit die bus klim, was ŉ see van woedende gesigte. Sy het probeer om na die skool te stap, maar ŉ spottende gepeupel (skare) het haar pad versper. Alleen, haar knieë bewend, het sy deur die gepeupel gedruk. Sy het hard probeer om nie te wys dat sy bang is nie. "Dit was die langste blok wat ek nog in my hele lewe geloop het," het sy later gesê. Eckford was een van die nege studente wat vrywillig aangebied het om een van die eerste Afro-Amerikaners te wees wat *Central High School* sou bywoon. Toe sy die oggend skool toe vertrek, het Eckford gedink daar kan moeilikheid wees, maar sy het nie geweet dat sy honderde woedende wit mense sou sien wat van vroegoggend af vir haar gewag het nie. Skielik gaan ŉ geskreeu deur die skare. Elizabeth Eckford het probeer om die skool binne te gaan.

Eckford het na die Nasionale Wagte teruggekeer, maar hulle het niks gedoen nie. Sy het terug gestap na die bushalte en op die bankie gaan sit. Weer het die skare haar omsingel. Kry ŉ tou. Sleep haar oor na hierdie boom! Kom ons reken met die neger* af. ŉ Wit vrou het haar pad deur die skare geveg en geskree: 'Los die kind uit. Hoekom treiter (ontstel) julle haar? Ses maande van nou af sal julle jul koppe in skaamte laat sak.' Die vrou, Grace Lorch, het saam met Eckford op die bank gaan sit. Sy het haar arm om die meisie gesit en daar gebly tot die bus opgedaag het.

Mev. Lorch het saam met Eckford gery totdat sy by die skool afgeklim het waar haar ma skoolgehou het.

[Uit https://www.speakeasy-news.com/little-rock-school-integration-1957 toegang op 7 Januarie 2025.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Cooper F. 2002. Africa since 1940: the Past of the Present (Cambridge University press. USA)

Meredith M.1985 The first Dance of Freedom: Black Africa in the Post-War Era (Abacus.UK)

Miller.M.2018. Plain Speaking: Oral biography of Harry Truman. (Rossata books. Australia)

Stockwell.J.1978. In search of enemies: A CIA story. (Norton. USA)

https://library.fiveable.me/key-terms/ap-euro/long-telegram

https://www.marshallfoundation.org/the-marshall-plan/history

https://www.granger.com/results.asp?image=0034161

http//www.centralhigh57.org the tiger.htm

https://dunnhistory.com › national-black-history › the-de

https://www.speakeasy-news.com/little-rock-school-integration-1957

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

Proudly South African